# Hoofstuk 12
# Die lewe is ’n soekenjin

## Luister en praat

### Voorbereide mondeling

Mondelinge berei leerders vir die toekoms voor, hetsy vir ’n onderhoud, om ’n vergadering te lei, ’n aanbieding te doen, kliënte te oortuig, ’n gehoor te vermaak of ’n toespraak by ’n troue of begrafnis te lewer.

Die eerste stap is om beplanning en navorsing te doen. Leerders kan die internet of die biblioteek raadpleeg om gepaste inligting in te win. Leerders moet verskeie bronne gebruik en hulle idees logies rangskik. Daarna behoort leerders hul eie mening te motiveer en toepassings te maak. Die korrekte taalstrukture en -konvensies, aanspreekvorme, intonasie asook uitspraak moet gebruik word.

### Aktiwiteit 12.1: Ontleed ’n mondeling

*KABV bl. 21 – 23*

Leerders gaan in hierdie aktiwiteit ’n mondeling analiseer en vrae daaroor beantwoord. Herinner leerders dat ’n goeie mondeling ’n interessante inleiding, verskeie standpunte asook voorbeelde en ’n samevattende slot bevat.

12.1.1 Is daar ’n goeie inleiding en slot? Motiveer jou antwoord. (2)[DV3/4]

*Ja, die persoon vertel in die inleiding hoe kommunikasie lank terug was en sluit af deur te vertel hoe dit verander het.*

12.1.2 Watter tipe inligting kon die spreker nog bygevoeg het? (1)[DV3/4]

*Die spreker kon meer statistieke en/of navorsing bygevoeg het.*

12.1.3 Wat is die spreker se standpunt rakende sosiale media? (1)[DV1/2]

*Die spreker is baie positief oor hoe kommunikasie verander en verbeter het.*

12.1.4 Is daar ’n duidelike verband tussen die tema en die mondeling?(2)[DV3/4]

*Ja, die spreker hou by die onderwerp – hy vertel hoe sosiale media kommunikasie verbeter het.*

12.1.5 Wat sou die teenargumente wees? (1)[DV5/6]

*Tegnologie veroorsaak dat mense minder sosiaal is.*

### Aktiwiteit 12.2: Voorbereide toespraak

*KABV bl. 21 – 23*

In hierdie aktiwiteit moet leerders ’n onderwerp kies en ’n mondeling voorberei (bl. 132 LB). Verwys hulle ook na hoofstuk 7. Leerders moet onthou om deeglike navorsing te doen, hul eie standpunte te ontwikkel, toepassings te maak, ’n treffende inleiding en slot te skryf en seker te maak dat hul sinskonstruksie, uitspraak en intonasie korrek is. Motiveer leerders om geheuekaarte te gebruik en herinner hulle dat ’n mondeling nie ’n leesaktiwiteit is nie.

Gebruik ’n gepaste rubriek om die mondelinge te assesseer.

**Aktiwiteit 12.3: Luister vir inligting**

*KABV bl. 19 – 20*

Lees die onderstaande artikel oor *Instagram* ’n paar keer aan die leerders in jou klas voor. Daarna moet hulle die vrae beantwoord.

| ***Instagram*** |
|---|
| Instagram is een van die gewildste sosiale media platforms in die wêreld. Waar het alles begin? Instagram is in die VSA in San Francisco ontwikkel. Die naam Instagram is ’n samesmelting van die die woorde “instant camera” en “telegram”. Instagram is ’n manier om foto’s met al jou vriende en familie te deel. Twee van die goed wat Instagram uniek maak is “hutsmerke” en die opsie om ’n filter by te voeg. Filters is ’n manier om jou foto mooi te maak. Een van die dinge wat jy die meeste op Instagram sien, is “selfies”. Die Engelse woordeboek en die nuwe HAT het nou “selfie” as ’n erkende woord aanvaar. Een van die dinge wat jy ook baie sal sien is #TBT. Dit staan vir “Throw back Thursday” en word gebruik as jy ’n foto laai van toe jy klein was of om ’n belangrike gebeurtenis in jou verlede te vier. Instagram is ’n toepassing wat jy op jou foon aflaai. ’n Toepassing is ’n “application” en ’n “app” staan in Afrikaans bekend as ’n “toep”. Die meeste gebruikers van Instagram woon in Amerika, Japan en Brasilië. Dit kan natuurlik verander. Daar is baie bekende mense op Instagram wat jy kan volg. Die mense in die wêreld met die meeste volgelinge is beroemdes soos Justin Bieber, Beyonce, Kim Kardashian, Selena Gomez en Neymar Junior. Jy kan ook kort video’s op Instagram deel |

Lees nou die vrae vir die leerders. Herhaal elke vraag ten minste twee of drie keer en gee die leerders tyd om die antwoorde in hul werkboeke neer te skryf voordat jy die volgende vraag vir hulle lees.

12.3.1 Waar het Instagram begin? (1)[DV1/2]
*In San Francisco (VSA).*
12.3.2 Hoe is daar op die naam “Instagram” besluit? (2)[DV1/2]
*Dit is die samesmelting van die woorde “instant camera” en “telegram”.*
12.3.3 Waar of vals. Motiveer jou antwoord. *Jy kan net foto’s op Instagram deel.*(2)[DV3/4]
*Onwaar, jy kan ook kort video’s op Instagram deel.*
12.3.4 Waarvoor gebruik ’n mens filters? (2)[DV3/4]
*Om foto’s mooier te maak.*
12.3.5 Hoekom is “selfie” ’n aanvaarbare woord in Engels en Afrikaans.(1)[DV3/4]
*Die Oxford-woordeboek en HAT het nou “selfie” as ’n erkende woord aanvaar.*
12.3.6 Waarvoor gebruik ’n mens #TBT? (2)[DV3/4]
*As jy ’n foto laai van toe jy klein was of om ’n belangrike gebeurtenis in jou verlede te vier*.
12.3.7 Wat is ’n “application” in Afrikaans? (1)[DV1/2]
*’n Toepassing*
12.3.8 Waar woon die meeste mense wat Instagram gebruik? (3)[DV1/2]
*Amerika, Japan en Brasilië*
12.3.9 Noem een bekende persoon wat jy op Instagram kan volg? (1)[DV1/2]
*Justin Bieber, Beyonce, Kim Kardashian, Selena Gomez en Neymar Junior.*

## Lees en kyk

### Aandagtige lees

Gesels met jou klas oor die voorreg om te kan lees en hoe dit jou horisonne en kennis verbreed.

Dis ook belangrik om verskillende tipes tekste te lees, want dit help leerders om vaardige en kritiese lesers te word wat leer om tekste te evalueer en self beter skrywers te word.

**Aktiwiteit 12.4: ’n Gesprek ontleed**
*KABV bl. 30 – 31*
12.4.1 Hoekom wil Logan nie môre skool toe gaan nie? (1)[DV1/2]
*Sy meisie het hom gelos.*
12.4.2 Hoekom het Chase gedink gaan Logan nie skool toe nie? (1)[DV3/4]
*Hy het gedink dat sy ma vir hom toestemming gegee het om by die huis te bly*.
12.4.3 Hoekom hou Chase nie van Chantelle nie? (2)[DV1/2]
*Hy vertrou haar nie.*
12.4.4 Wat sê Chase om simpatie te wys? (2)[DV3/4]
*Hy sê hy is jammer en gebruik ’n hartseer emotikon.*
12.4.5 Wat doen Chase om sy vriend te ondersteun? (1)[DV3/4]
*Hy gaan saam met sy vriend kafee toe.*
12.4.6 Hoekom dink jy wil sekere meisies met ouer ouens uitgaan? (2)[DV5/6]
*Dit laat hulle meer aantreklik voel of hulle dink seuns in hulle graad is kinderagtig.*
12.4.7 Verander al Logan se SMS-taal na Standaardafrikaans. (4)[DV5/6]
*ni – nie; tu – toe; gedump – gelos; ve – vir*

**Aktiwiteit 12.5: Lees ’n dagboekinskrywing**
*KABV bl. 30 – 31*
12.5.1 Wie het met die graad 10’s gepraat? (1)[DV1/2]
*Hulle onderwyser.*
12.5.2 Hoekom is dit teen die wet om lelike kommentaar van iemand anders op sosiale media te plaas? (1)[DV3/4]
*Dit skend hulle menseregte.*
12.5.3 Hoekom het die graad 10’s groot geskrik? (2)[DV1/2]
*Jongmense dink nie voor hulle iets op sosiale media plaas nie.*
12.5.4 Wat het die skrywer laat wonder? (1)[DV1/2]
*Niks kan van die internet verwyder word nie.*
12.5.5 Waarom sal ’n maatskappy eendag jou naam in ’n soekenjin intik as jy vir ’n onderhoud gaan? (1)[DV1/2]
*Om meer oor jou agtergrond en lewe uit te vind.*
12.5.6 Waar of vals. Motiveer jou antwoord. (2)[DV3/4]
Die skrywer is nie gepla oor wat die onderwyser gesê het nie.
*Vals, hy gaan twee keer dink voor hy iets op sosiale media plaas.*
12.5.7 Dink jy kinders in jou graad is verantwoordelik terwyl hulle sosiale media gebruik? (2)[DV5/6]
*Nee, mense in my graad spot baie met mekaar op sosiale media. Hulle vat dit somtyds te ver.*

**Aktiwiteit 12.5: Lees ’n berig**
*KABV bl. 30 – 31*
12.6.1 Haal een woord aan wat daarop dui dat Alphonsos ’n Afrikaanse en Engelse skool is? (1)[DV1/2]
*“dubbelmedium”*
12.6.2 In watter jaar het die skool se eerste koerant verskyn? (1)[DV1/2]
*1994*
12.6.3 Gaan die skoolkoerant elektronies en in gedrukte vorm beskikbaar wees. Motiveer jou antwoord deur twee opeenvolgende woorde aan te haal. (2)[DV3/4]
*Vals, “slegs elektronies”*
12.6.4 Wat dink die redakteur is die voordele van hulle besluit (2)[DV1/2]
*Meer mense gaan dit lees en hulle spaar geld.*
12.6.5 Stem jy saam met die skoolhoof se mening? (1)[DV5/6]
*Eie mening. Nee, mense hou daarvan om ’n koerant vas te hou. / Ja, alles gaan eendag elektronies wees.*

**Aktiwiteit 12.7: Tref ’n vergelyking**
*KABV bl. 29 – 31*
Styl is die unieke en persoonlike manier hoe ’n skrywer sy gevoelens en gedagtes oordra. Die styl van ’n teks is hóé iets gesê word. Is die skrywer byvoorbeeld sarkasties? Die register van ’n teks is die woordeskat en manier van praat wat by die leser of groep pas vir wie die teks geskryf word. Is ’n teks byvoorbeeld gerig op jongmense of ’n groep sakemanne? Die toon is die houding van die skrywer wat na vore kom in ’n teks. Is die teks byvoorbeeld subjektief of objektief? Lei leerders om hierdie verskille te verstaan en daarna die twee e-posse met mekaar te vergelyk.

12.7.1 Aan wie is die e-pos in Teks 1 gestuur en watter posisie vervul hy?(2)[DV1/2]
*Mnr. Shabangu. Die skoolhoof.*
12.7.2 Is die woordkeuse in Teks 1 formeel of informeel? Motiveer jou antwoord deur twee aparte woorde aan te haal? (2)[DV3/4]
*Formeel, “Beste” en “u”*
12.7.3 Dink jy die register in Teks 1 pas by die ontvanger van die e-pos?(2)[DV5/6]
*Ja, ’n mens skryf meer formeel vir iemand wat ’n hoë pos het.*
12.7.4 Aan wie is die e-pos in Teks 2 gestuur en watter posisie vervul sy?(1)[DV1/2]
*Alice Menziwa. Die redakteur.*
12.7.5 Hoe verskil die styl van die twee verskillende skrywers? Dink aan hoe hulle oor die besluit van ’n elektroniese koerant voel. (1)[DV1/2]
*Die persoon in die eerste teks is negatief en die persoon in teks twee is positief.*
12.7.6 **Herskryf** die volgende sin om meer vriendelik te klink: “Ek weet jy is die redakteur van die skoolkoerant, maar dit beteken nie die koerant behoort aan jou nie.” (2)[DV5/6]
*Ek weet jy is die redakteur van die skoolkoerant, maar ander mense moet ook in ag geneem word.*
12.7.7 Hoe moes Sharon McGregor haar e-pos geëindig het? (1)[DV3/4]
*Vriendelike Groete / Groete*
12.7.8 Hoe sal jy die toon van die skrywer in Teks 2 beskryf. Kies die regte antwoord tussen hakies: (geïrriteerd, ernstig, objektief). (1)[DV3/4]
*geïrriteerd*
12.7.9 Wat kon die skool doen om almal tevrede te stel? (2)[DV5/6]
*Hulle kon die koerant gedruk en elektronies beskikbaar gestel het.*

**Aktiwiteit 12.8: Vergelyk die onderstaande SMS-boodskappe**
*KABV bl. 30 – 31*

Die klem in hierdie aktiwiteit val op hoe jongmense en volwassenes se taalgebruik verskil. Help leerders om die teenstelling raak te sien en oor hul eie taalgebruik te reflekteer.
12.8.1 Wie het SMS A getik? (1)[DV1/2]
*Die pa*
12.8.2 Wie het SMS B getik? (1)[DV3/4]
*’n Tiener het dit getik.*
12.8.3 Hoekom dink jy is SMS B meer informeel? (1)[DV1/2]
*Die seun het dit geskryf.*
12.8.4 Skryf jou eie SMS waarin jy vir jou vriend/vriendin laat weet dat jy ongelukkig nie na die partytjie toe kan gaan nie. (2)[DV5/6]
*Jammer, maar ek kan dit ongelukkig nie maak nie. Geniet dit!*

## Skryf en aanbied

### Skryf ’n e-pos

**Aktiwiteit 12.9: Skryf jou eie e-pos**
*KABV bl. 42*
Herinner leerders aan die volgende belangrike aspekte van ’n e-pos:

- Die e-pos moet ’n sender-adres hê.
- Die e-pos moet ’n onderwerp (’n opsomming van die inhoud) hê.
- Die doel van ’n e-pos is om in te lig of om verhoudings te handhaaf.
- Die e-pos moet begin met “Beste” of “Liewe” en die ontvanger se naam.
- Die e-pos moet eindig met “Groete” of “Liefde” en die sender se naam.

Gebruik ’n gepaste rubriek om die e-pos te assesseer.

Ontwerp ’n uitnodiging
Uitnodigings kan in die formaat van ’n brief of uitnodigingskaartjie wees. Dit kan formeel of informeel wees en behoort kort en bondig te wees. ’n Uitnodiging moet die leser visueel bevredig en al die belangrike inligting bevat wat ’n persoon sal nodig hê oor die partytjie of funksie.

**Aktiwiteit 12.10: Ontleed ’n uitnodiging**
*KABV bl. 43*
12.10.1 Noem twee maniere hoe mense se aandag getrek word en hoe hulle **oorreed** word om die talentaand by te woon? (2)[DV3/4]
*Paula van 7de Laan gaan ’n beoordelaar wees en Emo Adams gaan sing.*
12.10.2 **Waar** of **vals**. Motiveer jou antwoord deur aan te haal. (2)[DV3/4]
*Vals, “R20”.*
*Daar is gratis toegang tot die konsert*
12.10.3 Watter kern-inligting ontbreek in hierdie uitnodiging? (1)[DV5/6]
*Meer visuele elemente*

**Aktiwiteit 12.11: Ontwerp jou eie uitnodiging [Formele Assesseringstaak 9]**
*KABV bl. 43*
Hier is ’n paar belangrike dinge waaraan leerders moet dink as hulle ’n uitnodiging ontwerp:

- Wat is die tema van jou partytjie of gebeurtenis?
- Watter visuele elemente wil jy by jou uitnodiging insluit?
- Watter tipe funksie of gebeurtenis is dit?
- Waar word dit gehou?
- Datum en tyd?
- Kleredrag?
- Wanneer moet gaste RSVP?

Gebruik ’n gepaste rubriek om die uitnodiging te assesseer.

## Taalstrukture en -konvensies

**Spelling**
**Aktiwiteit 12.12: Spelling**
12.12.1 <u>gunstelling</u> - gunsteling (1)
12.12.2 <u>koep</u> - koop (1)
12.12.3 <u>kyer</u> - kuier (1)
12.12.4 <u>vliek</u> - fliek
12.12.5 <u>wereld</u> - wêreld (1)

12.12.6 ongellukig - ongelukkig (1)
12.12.7 geeet - geëet (1)
12.12.8 reels - reëls (1)

**Aktiwiteit 12.13: Afkortings en akronieme**
12.13.1 televisie - TV (1)
12.13.2 kaptein - kapt. (1)
12.13.3 ensovoorts - ens. (1)
12.13.4 vergelyking - vgl. (1)
12.13.5 in verband met - i.v.m. (1)
12.13.6 jr. - junior (1)
12.13.7 vlg. - volgende (1)
12.13.8 vm. -voormiddag (1)
12.13.9 a.g.v. - as gevolg van (1)
12.13.10 UNISA - Universiteit van Suid-Afrika (1)
12.13.11 HAT - Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal (1)
12.13.12 EVKOM - Elektrisiteitsvoorsieningskommissie (1)
12.13.13 SARU - Suid-Afrikaanse Rugbyvoetbalunie (1)

**Aktiwiteit 12.14: Oefeninge met werkwoordvorme**
Onderstreep telkens die werkwoorde
12.14.1 Sean soek die hele aand inligting op die internet. (1)
12.14.2 Jessica het Dinsdag ʼn nuwe rekenaar gekoop. (2)
12.14.3 Dylan stuur ʼn e-pos aan sy vriend in China. stuur (1)
12.14.4 Lelethu laai haar selfoon elke aand voor sy gaan slaap. (3)

Verbind die sinne met behulp van die infinitief
12.14.5 Nasreen doen navorsing. Sy voltooi haar projek. (1)
*Nasreen doen navorsing* ***om*** *haar projek* ***te*** *voltooi.*
12.14.6 Ons speel Playstation. Ons oefen vir sokker. (1)
*Ons speel Playstation* ***om*** *vir sokker* ***te*** *oefen.*
12.14.6 Hy oefen elke dag. Hy raak beter. (1)
*Hy oefen elke dag* ***om*** *beter* ***te*** *raak.*
12.14.6 Ons Skype weekliks. Ons sien mekaar. (1)
*Ons Skype weekliks* ***om*** *mekaar* ***te*** *sien.*
12.14.9 Cameron e-pos sy onderwyser. Hy vra uitstel. (1)
*Cameron e-pos sy onderwyser* ***om*** *ʼn uitstel* ***te*** *vra.*

**Aktiwiteit 12.15: Hersien tydsvorme**
*KABV bl. 49*
Skryf die sinne in die verlede tyd:
12.15.1 Duma sit en lees ʼn SMS. (1)
*Duma het ʼn SMS gesit en lees.*
12.15.2 Charles kan ʼn nuwe selfoon koop. (1)
*Charles kon ʼn nuwe selfoon koop.*
12.15.3 Zeetah het ʼn skootrekenaar in haar rugsak. (1)
*Zeetah het ʼn skootrekenaar in haar rugsak gehad.*
12.15.4 Hy verkoop sy iPod om geld te kry. (1)
*Hy het sy iPod verkoop om geld te kry.*

Skryf die sinne in die toekomende tyd:
12.15.5 Catherine moet ʼn nuwe rekenaar koop. (1)

*Catherine sal ŉ nuwe rekenaar moet koop.*
12.15.6 Die seun sit in die mediasentrum om sy taak te voltooi. (1)
*Die seun sal in die mediasentrum sit om sy taak te voltooi.*
12.15.7 Die leerders is doodmoeg. (1)
*Die leerders sal doodmoeg wees.*
12.15.8 Diaan het ŉ nuwe speletjie op sy rekenaar afgelaai. (1)
*Diaan sal ŉ nuwe speletjie op sy rekenaar aflaai.*